KLK KOM 'N LANG PAD

SAKK
Suid Afrikaanse Koöperatiewe Karakoeltelers Maatskappy Beperk

⇩

KLK
Karakoel en Lewendehawe Koöperasie Beperk

⇩

KLK Landbou Bpk

Die ontstaan van KLK - of soos dit voorheen bekend was - SAKK is sinoniem met karakoelpels. Sedert die eerste 11 karakoelskape in 1907 uit die destydse Suidwes-Afrika ingevoer is, het die bedryf snel ontwikkel. Die behoefte om georganiseerde optrede was van meet af ‘n prioriteit onder karakoel boere. Dit het dan ook gelei tot die stigting van diè koöperasie op 24 September 1941. Op 28 November 1941 word SAKK dan ook amptelik as koöperasie geregistreer.

Stories rondom daardie begin dae is legio – veral die stories rondom die smokkel van karakoelskape snags oor die grens wat vandag nog dikwels oorvertel word. Die koöperasie het gou sy voete gevind en was instrumenteel tot die groei van die bedryf. Met die loop van jare is die behoefte van lede aangespreek ten opsigte van die inset kant en is die handelsafdeling tot stand gebring waarvan die omset vanjaar die R240m kerf verbygesteek het.
Soos dit met so baie landbou bedrywe gaan het ‘n paar faktore daartoe gelei dat die prys van pelse gedaal het en die produksie van pelse drasties begin afneem het. Dit is interessant dat produksie van pelse aan die einde van die sewentiger jare meer as twee miljoen was en vandag afgeneem het tot minder as twintig duisend pelse per jaar.

Die direksie het besluit om drasties te diversifiseer en is in 1982 begin met bemarking van vleis. Die daling van die pryse van pelse het daartoe gelei dat die boere hoofsaaklik na dorper boerdery oorgeskakel het en het indirek daartoe gelei dat die organisasie vandag betrokke is by veilings, verslagting en uit die hand transaksies oor ongeveer 60% van die Noord-Kaap Provinsie.

‘n Verdere belangrike gebeurtenis was toe SAKK die belange van BKB in die Noord-Kaap uitgekoop het. Een van die voorwaardes was dat die koöperasie se naam verander en het Karakoel- en Lewendehawe Koöp Bpk tot stand gekom. Daarna het die onderneming toegetree tot die motorbedryf en brandstof, ‘n versekeringsafdeling is gevestig, voerkrale is opgerig en die abattoir op Upington is ten volle bekom. Langs die pad is ook geamalgameer met Trans-Oranje Koöperasie sowel as Kenhardt Vleiskoöperasie, twee nuwe takke op Rietfontein en Keimoes is oopgemaak, en die abattoir op Keimoes bekom. Hierdie optrede het die onderneming se gebied vergroot en heelwat meer ruimte geskep om suksesvol te oorleef – nee, nie net te oorleef nie, maar ook te groei en finansieël sterk te vestig.

Die Koöperasie is op 17 September 1997 omskep in ‘n Maatskappy met aandeelhouers wat dieselfde was as die lede van die Koöperasie. Daar was geen keer aan KLK se groei nie en word oor die volgende 10 jaar bygevoeg die Veilingsentra’s van Karoo Osche te Kuruman, Postmasburg en Olifantshoek; handelstakke van Suidwes Beleggings te Kuruman en Hotazel; Oranje Meganies met die Nissan agentskap en petrolstasies; Kakamas Delta; Hamiltons & Carnarvon abattoirs; Verspreidingsdepot van BP Petroleum op Upington en laaste WesKaroo Koöperasie wat insluit handelstakke, petrolstasies en ‘n abattoir.

Dit is dan die geskiedenis van KLK in ‘n neutedop – die verhaal van die veeboer se eie organisasie in hierdie harde, maar tog ook dankbare en oorvloediggewende wêreld wat gegroei het tot ‘n dinamiese maatskappy met ‘n omset van R950m per jaar.